Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

29 Maart 2020

Rom 12:2

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE WOORDVERKONDIGING

Woordverkondiging kan gevolg word deur op die Facebook-ikoon *te kliek op die Gereformeerde Kerk Benoni se webbladsy*

www.gkbenoni.co.za

Of FACEBOOK:

https://www.facebook.com/GKBenoni/

TEKSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 5: 11 - 21

FOKUSVERSE: 2 KORINTIËRS 5: 17 & 17

TEMA: GOD SE LIEFDE, DRYF GELOWIGES TOT OORGAWE IN DIENS!

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

KOLLEKTES

Ons wil u groot asseblief vra om nie van kollektes en dankoffers te vergeet in hierdie tyd nie.

- Kollektes kan as volg gedoen word: EFT / Snapscan: Gaan kyk asb by https://www.snapscan.co.za/ wat nodig is om van **snapscan** gebruik te maak. Die snapscan - ikone wat gescan moet word verskyn hieronder, asook op ons webblad.
- Dankoffers kan per EFT betalings in die GK Benoni se bankrekening gemaak word. Besonderhede is hieronder. Onthou asb. Om jou **NAAM, VAN EN DOEL** aan te dui met alle EFT's.

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte 1
Diens van Barmhartigheid

Kollekte 2
Teologies Skool Biblioteek-fonds

Kollekte 2 **5 April : Bybelverspreiding**

DANKOFFERS

1.Diens van Barmhartigheid

2. Teologiese Skool Biblioteek Fonds

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle **Naam, Van & Doel**

Snap here to donate

SnapScan

Snap here to pay

SnapScan

VERJAARSDAE 29 Maart - 4 April

Baie geluk aan almal wat hul verjaarsdae vandag en in die komende week vier!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
29 Maart	Stéffi Flies Anthony Baatjies ☺ Elbie Ligthelm	083 783 3800 082 510 7821
30 Maart	Bernadine Roberts Karla Schoeman ☺	082 963 0347
1 April	Christa Venter	082 920 2745
4 April	Tessa Grobler	074 106 7966

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BESOEKE DEUR PREDIKANTE

Predikante mag ongelukkig nie huis-, hospitaal – of siekebesoeke doen tydens die tyd van afsondering nie. Die predikante kan telefonies, per epos of deur whatsapp gekontak word.

dr. Braam Krüger ☎ 082 459 5636

ds. Rynhardt Pretorius ☎ 074 944 7769

2020 MANNEKAMP VOORLOPIG AFGESTEL.

BANKIEHERSTELPROJEK | 18 April 2020

Saterdag, 18 April word daar weer aan die bankies op die grasperk by die kerk gewerk Ontbyt (Brunch) sal daarna geniet word. Kontak Stefan as jy betrokke wil wees, en om inligting te verkry oor wat nodig is.

Vir verdere navrae kontak: Corne 076 366 6656 of Stefan 083 785 2713.

LESOTHO-UITREIK

Die Lesotho uitreik is onbepaald uitgestel weens die COVID-19 pandemie.

Ons hoop om volgende somer te kan gaan.

Die mense in Lesotho verstaan en sien uit na ons koms.

Die diensgroep vergader weer die 29ste Julie.

Intussen bid ons vir die mense in Lesotho.

Skenkings van fondse vir tafeltjies, stoeltjies, Bybels ens. word steeds benodig.

Kontak Lenie Venter op 083 457 8861 of Veronica vd Wateren op 084 247 2321

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer 22 Maart 2020 se antwoord: Eksodus 3: 1

" Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep in die woestyn ingejaag todat hy by
Horeb die berg van God gekom het."

Die volgende Bybelleser het korrekte antwoorde ingestuur:

Jan Lubbe

Hierdie week: Soek die Bybelvers 29 Maart 2020

"Josef het van hulle af weggegaan en gaan huil. Daarna het hy teruggekom na hulle toe en weer met hulle gepraat. Toe het hy vir ?????? gevat en hom voor hulle oë in die tronk gesit." Toe Josef se broers die eerste keer in Egipte in opdrag van Jakob moes gaan koring koop, het Josef een van sy broers laat opsluit.

Lees gerus Genesis en SMS die broer wat opgesluit is se naam, die vers waar dit staan, en jou Naam en Van na 082 873 3173.

Mededelings in die era van Covid-19

Geliefdes, in 1 Jh 4: 1 staan daar: *GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan* (1933 -vertaling). Die bedoeling is nie hier geeste soos die Satan en sy duiwels nie, maar **mense**. Mense het dikwels 'n leuenagtige gees. Daar is seker verskeie redes waarom mense valsheid as waarheid voorhou, en sommige is dalk selfs oortuig van die onwaarheid wat hulle verkondig! Maar dit is ons Christelike plig, in lyn met die Heidelbergse Kategismus se verklaring, om die negende gebod te handhaaf. Ons mag nie leuens aanvaar of versprei nie.

Dit is opmerklik dat daar in hierdie *lockdown*-tyd baie vals nuus versprei word, vanaf mense wat dink dat hulle oulik is tot mense wat met hulle bose fopnuus die wêreld in 'n nog groter ramp kan laat val! Kom ons maak seker dat ons eers seker maak dat dinge wat mense ons wysmaak die waarheid is! Voor ons dit sélf glo, en voordat ons dit versprei! As jy oor (internasionale) sake onseker is, gaan gerus na www.snopes.co.za. Daar kan jy baie dinge toets. Om só op te tree sal in lyn wees met die beoefening van die gawe van onderskeiding (1 Kor. 12:). [10]*... aan 'n ander (gee Hy) die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei...* Jy kan gerus jou ouderling, diaken of een van die predikante vra as jy onsekers is (en dankie aan die klompie lidmate wat reeds sulke navrae aangestuur het!).

En terwyl ek 'n spreekbeurt het... Hierbo is verwys na die gawe van **profesie**. Die Bybelse definisie van profesie is "om die lig van en vanuit God se Woord op 'n huidige saak/tyd te laat val". Die tyd wat God openbaringe aan mense gegee het, soos in die Bybelse tyd, is verby – daardie spesiale tipe profesie het tot 'n einde gekom toe die kanon (Bybel) voltooi en afgesluit was! Profesie in ons tyd is dieselfde as Skrifgetroue prediking! Jammer om te sê, maar enige sg. Profesie wat iemand voorhou, asof hy/sy 'n nuwe insig vanaf God ontvang het, moet dus hanteer word as fopnuus! Alles wat ons moet weet is in die Bybel vir ons gegee. Kom ons verdiep ons in die Woord, en pas dit op onsself toe in hierdie tyd waarin ons nou leef!

Groete
Braam

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
braam@gkbenoni.co.za

ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769
rynhardt@gkbenoni.co.za

ADMINKANTOOR:
Ina Bolt
☎ **084 339 1136**
inabolt@gkbenoni.co.za

Ronel Ritchie
☎ **081 218 3048**
ronel@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F

GKSA NUUS

Ons eie TV-platform: http://www.glomedia.tv/

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.
Jy kan ook armer gesinne borg of voorstelle maak deur 'n epos te stuur na navrae@glomedia.tv